PLATBERG SHELL HOLE

Stuart Street 35
Harrismith
9880

Andre Jackson
[jenniesplace@telkomsa.net]
082 825 3108

We're on the Web!
www.moth.org.za

TC
MH SM

Swannie sluit sy museum oop.

Moth Swannie Swanepoel

Kersfees op die Grens Skild

Moth Swannie se "Pride & Joy"

Moth Swannie Swanepoel was born on 9 June 1948. His interest in memorabilia started when he first went for his National Service at 1SDV.

Swannie is op 8 September 1997 by die MOTHs ingehuldig. Hy het Old Bill geword in 2002. Hy was Wee Bill en Pay Bill by Platberg Shellhole. Swannie was ook Old Bill van die Noord Natal Distrik. Hy is 'n voorbeeld van iemand wat respek het vir gevalle en lewende kamerade.

Hy vertel dat sy ouer broer 'n RSM was. Hy het sy belangstelling geprikkel toe hy aan hom baie van sy eie memorabilia gegee het om te bewaar. Dit is waaroor dit regtig vir Swannie gaan, bewaring!

Die museum het 'n lekker warm atmosfeer en is baie netjies en skoon. Swannie gee ook nie om om besoekers te ontvang nie. As hy gesels oor sy versameling dan begin 'n mens verstaan hoe belangrik bewaring vir hom is. Dit laat jou, as besoeker, goed voel om te weet daar is mense wat regtig omgee.

Swannie's collection cover a variety of wars. It starts with the Anglo Boer War, the First World War, Second World War and the Border War.

Swannie sê dat van al sy versamelstukke het hy 'n paar wat spesiaal is. Die eerste is die "kersfees op die grens" skilde wat hy ontvang het in 1977 en 1978. Hy verduidelik dat dit emosioneel baie verg om kerstyd nie by die huis en gesin te wees nie. Dan was dit nog warm ook en die bier het nie regtig gehelp om af te koel nie. Moeilike tye gewees daardie!

Vir die wat wonder, kersfees op die grens was vanaf begin November tot einde Januarie in SWA, nou Namibia.

Sy waardevolste item is 'n RSM van die Leër Rangteken. Peter Schofield het aan Swannie ou Rhodesiese Weermag Medaljes toevertrou vir bewaring.

We as Moths have to thank people like Peter Schofield who has the ability to identify the correct people to have these important memorabilia looked after. We know that Swannie's museum will always be a secure place for these items. The sound memory of our fallen comrades will live on at Swannie's museum. Thank you for caring.



RSM van die Leër Rangteken